LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

Graad een Akademiese kwartaalprogram (yskasbrief)

Tema: Huise

Geagte Ouers

Welkom terug na 'n kort rustydjie. Maak asb. seker dat u kind al die nodige skryfbehoeftes het. Leerders moet asb. nie onnodig afwesig wees nie. Leerders wat gereeld afwesig is, moet 'n dr's brief toon as hulle afwesig was en ouers moet 'n nota in die onthouboekie skryf. Gereelde afwesighede sonder sieknotas word nie aanvaar nie. Skool begin stiptelik om 07:30. Laatkommers beïnvloed die neem van die register. (Leerders moenie laat wees vir skool nie.) Belangrike assessering vind al die tweede week plaas.

Week 1: 1 Oktober – 4 Oktober

- Huiswerk word Dinsdag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- Afrikaans en Engelse speltoetse word Vrydag geskryf.
- **Afrikaans:**
  - Spelling: kous hou wou hoe wie waar die se te vir
  - Lees die leeskaart in die huiswerkboek.
  - Leerders moet bekende woorde vlot kan lees.
  - Dubbelklanke: oe, ou en oo word hersien.
  - Rympie: Ons huis is groot.
  - Leerders praat oor hulle huise.
  - Sinsbou: teenwoordige- en verlede tyd sinne met dubbelklanke oe, ou en oo.
  - Bekende woorde moet reg gespel wees as leerders sinne maak.
  - Hoofletter en punt is belangrik en mag nie meer vergeet word nie.
- **Wiskunde:**
  - Getalbewerkings
  - Getalpatrone
  - Volume
  - Piktogram
- **Engels:**
  - Spelling: get set met let bet
  - Rhyme: My little house, word klassikaal aangeleer.
  - Letterland: Golden Girl.
- **Lewensvaardigheid:**
  - Bespreek verskillende soorte huise.
  - Kuns: 3D huisie van papier.

Maak jou brein slimmer:

Ouditiewe geheue

Hierdie speletjie het 2 of meer mense nodig. Jy het papier en potlode nodig asook iets om tussen die spelers te sit sodat hulle nie by mekaar kan afkyk nie. Een persoon gaan 'n prent teken en vir die ander verduidelik wat hulle moet doen. Enige iets kan geteken word maar hou dit eenvoudig bv. Ek teken 'n huis. Hy is vierkantig met 'n driehoek as die dak. Hy het 2 vensters, twee bo en twee onder met een reghoek in die middel onder. Kies iets wat u weet u kind maklik sal kan teken.

Hulle mag nie loer nie en instruksies moet nie herhaal word nie. Begin met instruksies en maak dit stelselmatig meer.

Week 2: 7 - 11 Oktober

- Huiswerk word Dinsdag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- Afrikaans en Engelse speltoetse word Vrydag geskryf.
- ***Assessering vind deurlopend plaas.***
- **Afrikaans:**
  - Spelling: muis huis luis vuil vuis uil muil ruik puik suig
  - Lees die leeskaart in die huiswerkboek.
  - Leerders moet selfstandig vir 'n maat kan lees.
  - Gebruik klankkennis tydens lees.
  - Fokus op vlotheid en begrip.
  - ui- Klank: woorde lees en sinne skryf.
  - Vorm meervoude met bekende woorde.
  - Begin sinne met hoofletter en eindig met 'n punt.
  - Bekende woorde moet reg gespel wees as leerders sinne maak.
  - Rympie : Wippie en Snippie.
  - Luister na 'n storie en plaas prente in logiese volgorde.
- **Wiskunde:**
  - Getalbewerkings
  - Getalpatrone
  - Volume
  - Probleemoplossing
- **Engels:**
  - Rhyme: The giant ball.
  - Skriftelike werk en lees.
  - Letterland: Oscar Orange.
  - Spelling: man pan tan can fan
  - Identify initial sounds in spelling words.

- **<u>Lewensvaardigheid:</u>**
  - Bespreek boumateriale.
  - Teken en versier ‘n Ndebele huis.

Maak jou brein slimmer:

Ouditiewe geheue

Sê enige kombinasie van syfers. Begin met net vier syfers na mekaar en maak dit stelselmatig langer. Die leerders moet die syfers na mekaar vir u kan herhaal.

Baie dankie vir u positiewe samewerking.
Graadeen Personeel